

SPEL MET SPERMA?

Oor voortplantingstegniek en -etiek

Prof. J H van Wyk.

1. Inleiding

1.1. *Waarheen is ons op pad?*

Die moontlikhede wat die moderne tegniek en wetenskap, ook mediese tegniek, geopen het, is eenvoudig verbysterend en duiselingwekkend. Ek noem slegs 'n paar:

- 'n eiersel (ovum) van 'n vrou kan deur middel van kunsmatige inseminasie (KI) of deur middel van 'n proefbuis (in vitro) met die saad (sperma) van die eggenoot (KIE) of met die saad van 'n ander man — as die eggenoot steriel is — bevrug (KIS) en daarna in die vrou teruggeplaas of aan 'n surrogaatmoeder toevertrou word; (soms word van KIE as homoloë inseminasie en van KIS as heteroloë inseminasie gepraat);
- 'n geskenkte eiersel van 'n ander vrou kan, wanneer die eggenote onvrugbaar is, in 'n proefbuis met die saad van die eie man of met die saad van 'n ander man bevrug word en daarna in die eggenote teruggeplaas of aan 'n surrogaatmoeder oorgedra word;
- die moontlikheid word genoem dat duisende identiese mense (deur middel van die proses van klonering) gemaak kan word;
- die moontlikheid bestaan dat 'n bevrugte eiersel verdeel kan word waarna die een deel in die moeder teruggeplaas en die ander bevries word. (Elke deel bevat in beginsel 'n identiese persoon). Indien die kind wat uit die moeder gebore word dalk jonk te sterwe kom, kan die bevrore sel in die moeder teruggeplaas word en 'n identiese kind sal dan gebore word;
- 'n bevrugte eiersel kan moontlik in 'n dier oorgeplant word wat dan as abbamoeder optree;
- daar word selfs oor mens-dierkruisings deur middel van proefbuisbevrugting gespekuleer;
- geslagsreëling is nie meer onmoontlik nie en daar word al gesê dat die manipulering van die kleur hare en oë net 'n kwessie van tyd is;
- daar word gedink aan die teel van 'n super mensras¹. Aldous Huxley het trouens reeds in 1932 in sy *Brave new world* geskryf hoedat voortplanting volkome kunsmatig in groot kweek- en broeisentrales sal geskied.

Dit blyk dat ons 'n totaal nuwe wêreld met onvoorstelbaar veel moontlikhede betree het. Dit bring ons onvermydelik voor die vraag: Mág wat kán? Het die mediese etiek nie baie ver agtergeraak by die mediese tegniek nie?² Hoe kan hierdie agterstand ingehaal en uitgewis word?

1.2 *Die probleem van kinderloosheid*

Kunsmatige inseminasie en proefbuisbevrugting hang natuurlik baie

nou saam met die probleem van onvrugbaarheid en kinderloosheid in 'n huwelik en met die pyn en smart wat dikwels daarmee saamgaan. Volgens berekening raak onvrugbaarheid (infertiliteit) 10 tot 15% van alle Westerse egpare en sommige meen selfs dat een uit elke agt huwelike kinderloos is. Dit is foutief om te meen dat onvrugbaarheid meesal net by vrouens voorkom: 40% onvrugbaarheid kom by mans voor, 40% by vrouens en 20% hang saam met ander oorsake.

KIE en KIS is ontwikkel om hierdie probleem te versag en groot welslae is reeds daarmee behaal. Nie dat dit altyd maklik was nie, selfs vandag nog. Die eerste geval van 'n suksesvolle proefbuisbevrugting het in 1977 in Engeland plaasgevind, en op 25 Julie 1978 is die wêreld se eerste proefbuisbaba genaamd Louise Joy Brown gebore. In die VSA is daar tans 300 000 KIS-kindere en daar word bereken dat daar teen die jaar 2000 sowat 1,5 miljoen sal wees.

Daar is geen prinsipiële verskil tussen kunsmatige inseminasie en proefbuisbevrugting nie, veral waar die eiersel van die vrou en die saadseel van haar man gebruik word (KIE). Die groot etiese vrae kom eers na vore wanneer 'n derde (eier- of saad-) sel in die huwelik ingevoer word (KIS) en in hierdie verband val daar soms ook groot woorde soos proefbuisprostitusie en kunsmatige ower-spel.

Daar is tans ten minste drie metodes van voortplanting nl (1) normale bevrugting na geslagsgemeenskap (koïtus) deur die man en vrou; (2) kunsmatige inseminasie en (3) proefbuisbevrugting. Wat die laasgenoemde twee betref, is daar ook weer ten minste drie moontlikhede: dit kan (a) op 'n ongetroude toegepas word, of (b) op 'n getroude vrou met die saad van haar eggenoot (KIE) of (c) op 'n vrou met die saad van 'n skenker (KIS).

Ons oorweeg kortliks KIE en KIS.

2. Kunsmatige inseminasie eggenootsaad Kie)

2.1 Moreel geoorloof

Daar kan verskeie indikasies³ wees wat KIE noodsaaklik maak, byvoorbeeld impotensie; onvoldoende vrugbaarheid by die man (oligospermie); fisiese tekorte soos verminking of misvorming van die geslagsdele en psigiese probleme by die man en/of vrou.

Dit is in sulke gevalle dat baie dankbaar van die mediese tegniek gebruik gemaak word aangesien kinderverwekking gewoonweg onmoontlik sou wees. Hier word immers die monogame huwelik eerbiedig en wat menslik nie bereikbaar was nie, nl die ontmoeting van die manlike saadseel en die vrouelike eiersel, inderdaad verwirklik. Dat op hierdie wyse deur die mediese wetenskap baie leed versag en geluk vermeerder is, kan alleen met groot dank teenoor die Gewer van alle goeie gawes vermeld word.

2.2 Tog ook morele probleme⁴

Soms word daar beswaar gemaak, deur die Rooms-Katolieke Kerk

byvoorbeeld, teen die wyse waarop die manlike saad verkry word. Dit kan naamlik deur middel van masturbasie, coïtus interruptus of punksie verkry word, met eersgenoemde waarskynlik die mees praktiese en mees voorkomende metode. Tereg is deur etici daarop gewys dat masturbasie hier nie op selfbevrediging nie, maar op bevrugting en voortplanting afgestem is en dus moreel geoorloof is.⁵ (Vir die Roomse Kerk is KIS slegs aanvaarbaar na normale koïtus aangesien die ander metodes van saadverkryging strydig is met die natuurwet⁶).

Tog is daar hier ook ander morele probleme soos byvoorbeeld die volgende:

- mag 'n vrou ná die dood van haar man met sy saad bevrug word (bevrugting post mortem)? (Dit is bekend dat 'n Franse vrou in 1984 'n hofsak hieroor gewen en haar so laat insemineer het);
- mag die saad van manssoldate in oorlogstyd aangewend word om hulle vrouens te bevrug (soos tydens die Tweede Wêreldoorlog in die VSA gebeur het)?⁷
- mag van 'n surrogaatmoeder in hierdie geval gebruik gemaak word, bv wanneer die eie moeder liggaamlik ongeskik is?; of wanneer die eie moeder gemaksugtig is?
- mag dit toegepas word met die doel om 'n huwelik wat besig is om op 'n breek te probeer red?
- hoe moet geoordeel word oor die embrio's wat noodwendig tydens die eksperiment gedood word: is dit nie dalk 'n vorm van aborsie nie?⁸
- mag sperma bewaar word in geval 'n man dalk onvrugbaar sou raak?
- hoe lank mag embrio's bewaar word en wat is hulle 'status'?; beskik hulle oor regs persoonlikheid (aan wie erf'atings gemaak kan word)?

Die vraagstuk van die *surrogaatmoeder*⁹ is natuurlik 'n saak op sy eie en word hier net in die verbygaan aangeraak. Dit word deur talle etiese vrae omring, behalwe miskien in die geval waar 'n embrio uit 'n monogame huwelik in 'n abbamoeder oorgeplant word vanweë 'n permanente siektetoestand van die biologiese moeder. Maar wanneer die surrogaatmoeder ook as biologiese moeder optree, dus deur die saad van die biologiese vader of selfs 'n ander man bevrug word, ontstaan talle morele besware.

Om saam te vat: Oor die algemeen kan gesê word dat KIE 'n bevrugtingsmetode is waarvan met groot dank deur kinderlose egpare gebruik gemaak kan word. In hierdie geval is die mediese wetenskap 'n instrument in die hand van die Here om baie leed te versag en geluk te vermeerder. Die neem egter die feit nie weg nie dat ook in hierdie geval nog heelwat probleme oorbly waaraan ons vorentoe sal moet aandag gee.

Maar hoe moet ons oordeel oor die veel moeiliker vraagstuk van kunsmatige inseminasie met skenkersaad (KIS)?

3. Kunsmatige inseminasie skenkersaad (Kis)

Omvangryker word die vrae as ons KIS oorweeg. Ons bestee eers-

tens aandag aan die indikasies daarvoor om daarna die argumente v^{ir} en t^{één} van nader te beskou.

3.1 KIS indikasies¹⁰

KIS word onder andere in die volgende gevalle oorweeg:

- in geval van onvrugbaarheid by die man (of vrou);
- in geval van groot erflike gebreke of ongeneeslike siektetoestand by die man (of vrou);
- in geval van kwaliteitsverbetering (eugenetiese indikasje);
- by ongehude vrouens.

As ons nou die argumente pro en contra gaan opweeg, moet daarop gelet word dit ondersoekers graag daarop wys dat daar in die Bybel geen regstreekse uitspraak oor terapeutiese inseminasie en veral KIS bestaan nie en dat hier dus met afleidinge uit die Skrif gewerk (moet) word. Dit maak 'n juiste beoordeling dus uiters moeilik.¹¹

3.2 Argumente ten gunste van KIS

(1) Een van die sterk argumente ten gunste van KIS is dat die *versagting van leed* in die Bybel 'n besondere klem ontvang.¹² In sy hoogste openbaring in Jesus Christus maak God Homself bekend as die Een wat die menslike nood en ellende volledig ernstig neem en oorwin en 'n groot toekoms, vry van nood en leed, oopbreek. Daarom is dit geen wonder nie dat Jesus Christus se arbeid ook daarop toespits om vader- en moederleed te versag en op te hef: Jairo ontvang sy dogtertjie lewend terug (Mark. 5) en so ook die weduwe van Nain haar seun (Luk 7). Ons kan in hierdie verband ook aan die talle voorbeelde in die Bybel dink waar onvrugbare vroue later kinders van die Here ontvang het (Sarai, Rebekka, Rigel, Hanna, Elisabet) (vgl Ps 113 : 9). Kinderloosheid is inderdaad 'n swaar leed wat baie egpare moedig dra en gelowig verwerk, maar mag daar nie iets aan verander word waar dit kán nie . . . én mág?

(2) 'n Tweede aspek, wat baie nou met die voorgaande saamhang, is dat die Here God behae daarin skep dat die mens se *lewensgeluk vermeerder* word.¹³ Natuurlik is geluk nie hoofsaak in die lewe nie (soos die eudaemonisme en utilisme leer), maar dat die Here dit aan sy kinders gun en ook gee, is buiten kyf. Die toekomstige nuwe lewe waarheen ons op weg is, word juis as 'n lewe van volle geluksaligheid beskryf. Hoewel die teendeel ook waar is, is daar talle voorbeelde van egpare wie se lewens deur die koms van 'n kind verryk en gelukkiger gemaak is.¹⁴

(3) Nog 'n aspek wat in die Skrif met groot klem vermeld word, is die *betekenis van 'n nageslag*.¹⁵ Hier speel 'n hele aantal faktore 'n belangrike rol.

Behalwe dat die voortbring van kinders 'n eg menslike behoefte is, is dit veral 'n saak van geloof: die volk van God moet gebou word en die boodskap van die verbond moet deurgegee word (Gen 28 : 3; 1 Sam 1 : 10—11; Ps 128 : 3 ev). Die voortbring van kinders geskied dus nie vanuit 'n "nasionale produksiegevoel" nie.¹⁶ In die Ou Testament was daar ook die bykomende motief dat uit die nageslag van Abraham die Messias gebore sou word, iets wat natuurlik

nie meer vir die Nuwe Testamentiese kerk geld nie (vgl Tim 2 : 15). Hierby kan gevoeg word dat die Here God aan die mens en sy nageslag die opdrag gegee het om die aarde te bewerk en te bewaak (Gen 1 : 28, 2 : 15) én dat kinders ook belangrik is vir regspraak en verdediging (Gen 24 : 60; Ps 127 : 3—5).

'n Duidelike aanduiding van die belangrike betekenis van 'n nageslag is te vind in die instelling van die leviraatshuwelik (Dt 25 : 5—10)¹⁷; dit wil sê die huwelik van 'n man met sy broer se kinderlose vrou na sy broer se dood. Verder kan ook verwys word na die toewysing van byvroue in die geval van kinderloosheid: Hagar vir Sarai (Gn 16), Bilha vir Ragel (Gn 30). In hierdie gevalle word nie die manlike saad nie maar die eiersel van 'n ander vrou in die huwelik ingedra.¹⁸ Vanselfsprekend moet hierdie gegewens binne die raamwerk van die Ou Testamentiese bedeling verstaan en verklaar word. (Opvallend dat ons iets hiervan in die Afrikakulture met sy sororaathuwelik terugvind waar 'n man met sy onvrugbare vrou se suster trou, of soms ook nie trou nie, maar dan word dit *seantlo* genoem; ook die leviraatverhouding is hier bekend, maar nie as hûwelik nie).¹⁹

Betekenisvol is ook die (bygelowige?²⁰) standpunt wat ons by die onvrugbare Ragel aantref dat “liefdesappels” die vrugbaarheid van 'n vrou verhoog en dat sy graag daarvan wil gebruik maak (Gn 30 : 14, vgl Hgl 7 : 13).²¹

(4) Nog 'n argument wat ten gunste van KIS aangevoer word, is dat dit 'n *daad van liefde* aan die naaste is, 'n liefde wat nie sy eie belang soek nie maar juis die van die naaste (1 Kor 13 : 5), 'n liefde wat die naaste geen kwaad aandoen nie (Rm 13 : 10).

(5) 'n Aspek waarop deur teoloë groot klem gelê word — en waaroor daar 'n redelike mate van eenstemmigheid is — is dat KIS *nie met owerspel of hoerery vereenselwig* moet word nie.²² By owerspel gaan dit om persoonlike, liggaamlike en emosionele betrokkenheid, wat by KIS ontbreek; by owerspel gaan dit primêr om persoonlike lusbevrediging terwyl KIS afgestem is op bevrugting en voortplanting; by owerspel gaan dit om 'n wedderregtelike vergryp van wat aan 'n ander behoort, terwyl KIS geskied met goedkeuring van beide man en vrou; owerspel vind gewoonlik in die geheim plaas terwyl KIS in die openbaar geskied. Die vraag ontstaan dat indien owerspel nie op KIS van toepassing is nie waarom KIS dan verkeerd sou wees.

(6) Sommige teoloë is ook van oordeel dat daar nie 'n prinsipiële verskil bestaan tussen KIS (waar één saadseel aangeneem word) en die aanneming van 'n kind (wat uit die samevoeging van twee vreemde selle van 'n totaal vreemde man en vrou ontstaan het, dikwels nog buite-egtelik).²³ Word die kinders in beide gevalle nie déél van die gesin sonder dat die karakter van die monogame huwelik aangetas word nie? Kan dit nie ook 'n psigologiese voordeel wees dat 'n KIS-baba biologies die helfte nader aan die ouers staan as 'n aangename baba nie? En het die feit van aanneming van kinders, wat vandag algemeen aanvaar word, nie aanvanklik veel verset en weerstand van kerklike kant opgeroep nie? In die oorplanting van 'n

embrio uit 'n monogame huwelik in 'n onvrugbare vrou moreel onaanvaarbaar — en wesentlik verskillend van aanneming? (23.1).

Skrywers wys egter daarop dat daar wel 'n verskil is tussen *saadskenking* en *bloedskenking*²⁴ en dat daar inderdaad ook duidelike verskille tussen adopsie en KIS is.²⁵

(7) Naas bostaande hoofsaaklik teologies-etiese oorwegings is daar ook 'n hele aantal ander argumente²⁶ wat aangevoer word maar wat nie van deurslaggewende betekenis is nie;

- emosioneel word die behoefte van 'n moeder aan 'n eie kind bevredig;
- psigologies word die leemte van kinderloosheid uit die weg geruim;
- sosiaal word die groot tekort aan babas vir aanneming oorbrug;
- juridies dien dit as voorkomingsmaatreël om egskeiding, wat in die geval van kinderlose egpare meer voorkomend is, te bekamp.

Ons gee vervolgens aandag aan die argumente teen KIS.

3.3 Argumente teen KIS

Teen KIS word 'n hele aantal besware ingebring waarvan één egter by verre die swaarste weeg en die meeste vrae oproep. Ek begin daarmee.

(1) Hoofbeswaar teen KIS is *teologies-eties* van aard: die inbring van 'n manlike saadseel (of vroulike eiersel) van 'n derde persoon tas die monogame huwelik in sy wese aan.²⁷

Vir die Christelike etiek “is ten slotte de integriteit van het van Godswege ingestelde huwelik het voornaamste motief, waarom zij de heterologe inseminatie (=KIS) beslist moet afwijzen”.²⁸ Daar is immers 'n groot verskil tussen orgaanskenking en saadskenking. Ons het reeds daarop gewys dat KIS nie sommer met owerspel vereenselwig mag word nie, maar tog bly dit 'n feit dat hier 'n “derde faktor” in 'n huwelik ingevoer word en die vraag is of dit geoorloof is.

Hierdie (tans nog anonieme) “derde faktor” bring ook die vraag na vore in verband met die verantwoordelikheid van die skenker self, wat 'n getroude of ongetroude persoon (dikwels mediese studente) kan wees. Is dit eties geoorloof om die persoonlike verantwoordelikheid ten opsigte van die gevolg van saadskenking feitlik op te hef, aangesien die skenker geen seggenskap het oor of verantwoordelikheid dra vir die kind wat gebore word nie?

(2) 'n Tweede beswaar teen KIS is *godsdienstig* van aard; gestel 'n (Christen-) skenker stel sy saad so vrylik beskikbaar dat ook óngelowiges daarvan gebruik kan maak sodat die kind dan in 'n ongelowige huis sonder God en sonder Christus moet opgroei: is dit nie 'n opperste vorm van geloofsonverantwoordelikheid nie? Bring dit nie die verbondsmotief in gedrang nie?

Iemand het egter daarop gewys dat hierdie beswaar ondervang kan word deur die uitdruklike bepaling dat slegs Christelike egpare van bepaalde skenkersaad gebruik mag maak.²⁹

Aan die ander kant is daar natuurlik ook die moontlikheid dat

sperma van ongelowiges in die geloofs- en verbondslyn opgeneem kan word.

(3) 'n Derde beswaar is *biologies*: die gevaar van bloedskande en inteling (halfbroers en halfsusters wat onwetend met mekaar trou) is seker nie ondenkbaar nie. Tog moet daarop gewys word dat ons beoogde wetgewing skenking beperk tot vyf lewende geboortes sodat insidensie besonder laag is en byna geen probleemfaktor sal wees nie. En is bloedskande in die geval van aangenome kinders volledig uitgesluit?

(4) Nog 'n beswaar lê op *psigologiese vlak*: Dit is moontlik dat die man, vrou en kind, elkeen afsonderlik en aldrie gesamentlik, die psigologiese probleme wat met KIS gepaard gaan net nie kan hanteer en verwerk nie, soos inderdaad al gebeur het, hoewel daar ook weer gevalle is waar daar geen of weinig psigologiese probleme voorgekom het.

(5) Ook *juridiese besware* word genoem: allerlei juridiese probleme ten opsigte van die ouers, kind en skenker kom hier na vore, veral omdat hier heelwat nuwe aspekte aangeraak word waarvoor in die ou wetgewing net nie voorsiening gemaak is nie. Tog lewer die wetsaspek tans nie onoorkomelike probleme nie aangesien nuwe wetgewing in hierdie verband voorberei kan word en inderdaad voorberei is. Wat die RSA betref, kan verwys word na die konsepregulasies in verband met die *Wet op Menslike Weefsel 1983* (Wet 65 van 1983), waar KIS as aanvaarbare en wettige praktyk gereël word. Ons kan dus verwag dat egpare in S.A. al hoe meer van KIS sal gebruik maak.

(6) Ook op *sosiale vlak* kan probleme ontstaan: hoe moet 'n samelewing daar uitsien wat vol is van skimvaders en leenmoeders, waar die manlike saad en vroulike eiersel blote verbruiksartikels word? Is 'n monogame huwelik dan nog werklik nodig?

(7) 'n Laaste probleem lê op *medies-etiese terrein*: Waar eindig hierdie eugenetiese manipulasie? In 'n supermens? Maar ook hier geld natuurlik dat die misbruik nie die regte gebruik ophef nie.

3.4 Samevatting

Samevattend kan gestel word dat verreweg die meeste etici,³⁰ veral op grond van eersgenoemde beswaar, KIS afwys. Ek moet egter byvoeg dat in die meeste handboeke oor die onderwerp die argumente ten gunste van KIS maar baie kort en ongemotiveerd aan die orde kom.

In enkele gevalle word die standpunt ingeneem dat, terwyl KIS nou gewettig is en terwyl (ook Christen-) egpare daarvan gebruik gaan maak, dit tog in *uitsonderingsgevalle* wel toelaatbaar behoort te wees.³¹ "In den Bereichen ethischer Entscheidung wird man nie ohne die Kategorie der Ausnahme leben können . . ."³² Persoonlike verantwoordelikheid moet hier egter hand aan hand gaan met 'n intensiewe beraadsiens waar die egpaar, medikus, pastor, sielkundige en psigiater intensief saam beraadslaag. As algemene riglyn moet KIS egter afgewys word.

4. Voorlopige beoordeling

Ons staan voor die feit dat KIS binnekort in S.A. wettig sal wees en ons staan voor die (baie sterk) moontlikheid dat ook gelowige egpare van KIS gebruik sal maak. Moet hulle van kerkweë as gevolg van 'n oortreding van die sewende gebod onder tug geplaas en van die nagmaal — en doop — afgehou word?

Handel ons eties verantwoord indien ons KIS onder alle omstandighede afkeur?

Handel ons eties verantwoord indien ons KIS in uitsonderingsgevalle billik?

Handel ons eties verantwoord indien ons KIS as algemeen geoorloof aanvaar?

As ek weer die argumente vir en téén bekyk en oorweeg, dan lyk dit byna na 'n skaakmatsituasie. Die argument dat die monogame huwelik in gedrang (kan) kom, is swaarwegend, maar aan die ander kant het ons gesê dat ons hier nie met owerspel te doen het nie. Ek moet baie eerlik sê dat ek op hierdie stadium nie oor 'n finale antwoord beskik nie.³³ As ek 'n antwoord moet waag, sal ek dit in die volgende rigting soek: As ek dink aan al die besware in die verlede (en selfs tans nog, hier en daar) teen bloedoortapping — en watter groot betekenis spesifiek aan *bloed* in die Bybel toegeken word — en dat bloedoortapping vandag deur verreweg die meerderheid van Christene met 'n goeie gewete aanvaar (en bepleit) word; as ek aanvaar dat ons in KIS nie met owerspel in die Bybelse betekenis te doen het nie; en as ek oorweeg dat aangename kinders reeds die inbring van 'n derde (of vierde) faktor in 'n monogame huwelik is, dan is my voorlopige konklusie dat KIS ten minste in uitsonderingsgevalle geoorloof is (soos byvoorbeeld ook ten opsigte van aborsie die geval is).

Iewers word 'n verhaal (in verband met “justified adultery”) vertel wat duidelik maak hoedat in grenssituasies in ons gebroke wêreld uitsonderingsoplossings soms onvermydelik is.³⁴ 'n Duitse vrou, mev Bergmeier, is deur die Russe gedurende die Tweede Wêreldoorlog gevang en na 'n kamp in die Oekraïne oorgeplaas. Haar man weer was 'n gevangene in 'n kamp in Wallis. Na sy vrylating is hy terug na hulle drie kinders in Berlyn. Ondertussen het die moeder te hore gekom dat die kinders haar hulp besonder nodig het. En daar was net een uitweg: sy sou moes swanger raak, want alleen dán sou sy na Duitsland teruggestuur word. Sy het dan ook die swangerskap doelbewus opgesoek deur middel van 'n kampwag. Sy is toe na Berlyn teruggestuur waar haar man en kinders haar hartlik verwelkom het, selfs nadat sy alles vertel het. “When the child was born, they loved him more than all the rest . . .”³⁵

Nog 'n voorbeeld van so 'n grensgeval is die verhaal van Sonja in Dostojewski se *Misdaad en Straf*. Sy het geen ander keuse gehad nie as om prostituut te word ten einde haar familie te onderhou.³⁶ 'n Werklike illustrasie hiervan was ook in die vroeë tagtigs in Suid-Afrika tydens die groot droogte te sien. In die swart woongebied, GaRankuwa, noordwes van Pretoria, was die drinkwater so skaars, en die armoede so groot, dat jong meisies hulle liggame moes “ver-

koop" ten einde drinkwater vir die familie te bekom — "water vir seks" het die koerante dit genoem.

Ek wil nie beweer dat bogenoemde héél uitsonderlike gevalle op dieselfde vlak lê as die uitsonderingsgevalle by KIS nie — daar is trouens duidelike verskille, al handel almal oor die seksuele etiek. Wat egter wél duidelik is, is dat die etiek inderdaad nie sonder die "kategorie van uitsondering" kan klaarkom nie. Daarsonder is die lewe onleefbaar.

Ten opsigte van KIS moet ons dus versigtig wees vir oorhaastige en goedkoop antwoorde waaroor ons oor tien jaar verder dalk spyt — en miskien selfs skaam — sal wees.

Ons weet dat daar eenmaal 'n tyd (op die nuwe aarde) sal wees dat die huwelik sy tyd gehad het (Mk 12 : 25), maar hierdie woorde is tans nog toekoms-musiek. Nóú leef ons nog in 'n onvolmaakte en onvoltooide wêreld, ook op seksuele gebied. Ons mag met dank en vreugde van die mediese tegniek as 'n Godgegewe instrument gebruik maak, maar slegs dan as dit beantwoord aan die Godgestelde norme. Wat hierdie norme presies behels, is nie altyd ewe maklik om te sê nie. Ons moet dikwels hard soek, sáám soek (Ef 3 : 18), om die wil van die Here te ken. Ek is oortuig daarvan dat as ons saam worstel met die vroe rondom KIS ons uiteindelik 'n duidelike antwoord sal vind.³⁷

Verwysings:

1. Vgl. o.a. Kaufman, R. 1965. *De mensenmakers: De toekomst van de mens in een biologisch geleide wêreld*. Amsterdam; Ouweneel, W. J. 1975. *Operatie Supermens: Een bijbelsbiologische blik op de toekomst*. Groningen: De Vuurbaak; Taylor, G. R. 1968. *De biologische tijdbom*. Amsterdam: Elsevier, 190 — 191.
2. Vgl. Van den Berg, J. H. 1969.¹¹ *Medische Macht en Mediese Ethiek*. Nijkerk: Callenbach; Barnette H. L. 1982. *Exploring medical Ethics*. Mercer University Press; Küng, Hans. 1983. *Eenwig Leren? Hilversun: Gooien sticht*, 166 ev; Strijbos, S (red). 1985. *Nieuwe Mediese Ethiek*. Amsterdam: Buijten & Schipperhijn.
3. Vgl. o.a. Lindeboom, G. A. 1960. *Opstellen over medische Ethiek*. Kampen Kok, 79; Louw, D. J. 1983. *Versoening in die huwelik — riglyne in die pastorale bediening*. Pretoria: Butterworth, 168.
4. Vgl. Louw. *Versoening a.w.* 169; Thielicke, H. 1968². *Theologische Ethik III* 3. Tübingen: Mohr, 774 ev.
5. Thielicke a.w. 776 ev; Douma, J. 1969. *Christelike Ethiek. Capita Selecta II*. Kampen, 34.
6. Vgl. Sporken, P. 1969. *Voorlopige Diagnose: Inleiding tot een Mediese Ethiek*. Utrecht: Ambo, 101; Douma a.w. 28.
7. Vgl. Lindeboom a.w. 77; Louw a.w. 169; Thielicke a.w. 771. In Aug. 1985 het die Italiaanse departement van justisie toestemming verleen aan 'n terrorist (Solimano) wat tronkstraf uitdien dat sy vrou deur KIE bevrug mag word.
8. Sommige meen van ja, maar H. J. C. Pieterse is 'n ander mening toegeedaan in sy opstel 'Die etiese perspektief' (In: *Die Proefbuisbaba: Toekoms-kok of nuwe burger?*) Pretoria: N.G. Kerkboekhandel, 34. Vgl. W. H. Velema se artikel oor reageerbuisbevrugting in die Nederlandse tydskrif *Koers*, 5 Julie 1985 (26—28) en sy art in *Nieuwe Mediese Ethiek a.w.* 66 — 77).
9. Vgl. die artikels hieroor in *Die Huisgenoot* van 4 Februarie 1982 (18 — 21), 26 Mei 1983 (16 — 19), 25 Julie 1985 (20 — 22). Daar word bv. onderskei tussen selflose en selfsugtige, kommersiële en nie-komersiële surrogasie.
10. Vgl. Lindeboom a.w. 79 en Louw a.w. 168.

11. Vgl. Douma a.w. 31, Louw a.w. 172 en Lindeboom 83.
 12. Vgl. Lindeboom a.w. 83; Thielicke a.w. 786.
 13. Sporcken a.w. 99.
 14. Vgl. Lindeboom a.w. 84.
 15. Vgl. Louw a.w. 172.
 16. Tereg by Louw a.w. 162.
 17. Vgl. Louw a.w. 172.
 18. Lindeboom a.w. 83.
 19. Vgl. Venter, M. 1976. Poliginie as Sendingprobleem. Potchefstroom, 4—5 (ongepubl).
 20. Aalders, G. C. H. 1952. Het Hooglied. Kampen' Kok, 129.
 21. Kroeze, J. H. 1970. Bybel en Seks. Braamfontein: De Jong, 157 — 158.
 22. So by Louw a.w. 174 — 175; Thielicke a.w. 779; Reeds in my Etiek in 'n eeu van Tegnologie en Tegnokrasie van 1971 het ek hierop gewys, 104 (ongepubl). 'n Ander oordeel vind ons by Douma a.w. 32 ("een vorm van overspel": adulerium artificiale) en by Müller J. J. 8 Mei 1959. Is dit geoorloof om Proefbabas te hê?, **Die Huisgenoot**, 43.
 23. Vgl. Louw a.w. 170, vgl. 174.
 24. 1 Vgl. D. A. du Toit in **Die Kerkbode** van 4 Sept. 1985.
 24. Vgl. Thielicke a.w. 782, Louw a.w. 175; Douma a.w. 32; Sporcken a.w. 107.
 25. Douma a.w. 23.
 26. Vgl. Louw a.w. 170.
 27. Thielicke a.w. 779, Ouweneel a.w. 42, Douma a.w. 32; Louw a.w. 174.
 28. Lindeboom a.w. 85.
 29. Douma, a.w. 33.
 30. Vgl. Douma a.w. 31 — 32; Lindeboom a.w. 85; Ouweneel a.w. 42. So ook Heyns, J. A. 1970. Die nuwe mens onderweg: Oor die Tien Gebooue. Kaapstad: Tafelberg. 205: Botha. A. H. Groenewald, J. J. Z. 29 Aug. 1984. Teologies-etiese beoordeling van aseksuele voortplanting. **Die Kerkbode**. 27 Julie 1977 ev. Kunsmatige Inseminasie. **Die Kerkbode**; (hy het 'n M-studie oor die onderwerp voltooi); Buys, P. W. Februarie 1979. Hoop vir Hanna? **Gereformeerde Vroueblad**, 11 — 12; Buys, P. W. Junie 1979. Die goed en kwaad van kunsmatige inseminasie. **Woord en Daad**, 19.
 31. Vgl. Sporcken a.w. 108; Thielicke a.w. 787, Louw a.w. 177 — 178. In sy ongepubliseerde voordrag tydens 'n seminaar gedurende Mei 1985 in Pretoria, getitel "Kunsmatige skenkersaadinseminasie (KIS) as teologiese vraagstuk binne die hedendaagse voortplantingstegnologie", is Louw meer uitgesproke as in sy boek van 1983. In beide gevalle moet egter op 'n inkonsekwentheid gewys word: in sy boek keur hy KIS (of TSI) **Prinsipiël** af (174) maar eindig met 'n saámberaad van die betrokkenes (177 — 178), wat die saak **prakties** toelaatbaar maak; in sy voordrag kies hy reeds vir 'n beraadsiens (bl. 14) nog vóórdat die prinsipiële vraag van geloof al dan nie, beantwoord is (en wel as uitsonderingsgeval) (bl. 21 — 22). In hierdie voordrag verwys hy ook na Heyns se beskouinge oor 'n kompromie sonder om te meld dat Heyns hom teen KIS uitgespreek het (kyk verwysing 30).
 32. Thielicke a.w. 787. Dit is egter in 'n groot mate 'n terloopse opmerking aangesien Thielicke teen KIS gekant is.
 33. Ook Pieterse a.w. 34 — 35 het probleme met KIS maar huiwer om 'n finale antwoord te gee.
 34. Fletcher, J. 1966. *Situation Ethics*. London: S. C. M. Press 164 — 165. L. B. Smedes verwys ook hierna (1983). *Mere Morality: What God expects from ordinary people*. Grand Rapids: Eerdmans, 173 — 174).
 35. Fletcher a.w. 165.
 36. By Douma, J. 1980. *Verantwoord Handelen: Inleiding in de christelike ethiek*. Amsterdam: Ton Bolland, 91.
 37. Die nasionale sinode van die GKSA het hom nie uitgespreek oor KI by mense nie, **Acta** 1964, 323.
- Na voltooiing van hierdie artikel het die volgende verskyn:
- Heyns, J. A. 1985. Mediese Etiek. Pretoria: NG. Boekhandel (vgl. 31 — 38).
 - Smit, J. H. 1985. Etos en Etiek. Bloemfontein: Patmos (vgl. 160 — 171).
 - Noordegraaf, A. 1985. Ethiek en reageerbuisbevruiging. Kampen J. H. Kok.